

27 Mei

Skrifgedeeltes: 1 Johannes 4:1-6; Tesselonisense 2

Fokusgedeelte: Matteus 7:15-20

Ware en valse prediking

Die gevaarlikste dwaalleraars is nie dié wat ander godsdienste verkondig nie, maar die wolwe in skaapsklere. Op die oog en oor af verkondig hulle Christus en is hulle daarop ingestel om die gelowiges te bedien. Die beeld van wolwe in skaapsklere sê dat hulle moeilik herkenbaar sal wees, straks nog wettig bevestigde leraars van een of ander kerk. Net aan hulle vrugte sal hulle geken word.

Verder sê die beeld dat hulle prediking nie lewe bring nie, maar dood – dit is 'n bediening wat God versluier en jou nie in 'n lewegewende band met God bind nie. Dit is 'n dood wat bekruip, gekamoefleer is. Die ironie is dikwels dat juis hierdie giftige prediking aangehang word (Jer 5:31): “...die profete tree vals op, die priesters regeer met hulle eie gesag, en my volk hou daarvan!”

Paulus noem in 1 Tess 2:3 drie beginsels waarvolgens ons die vrugte van 'n prediker kan beoordeel: 1) of dit die suiwer evangelie is en ooreenstem met die leer van die apostels; 2) of daar bymotiewe – veral hebsug – is om ryk te word uit die bediening; ten slotte 3), of daar ander bybedoelings is, naamlik om die guns van mense te wen en sodoende jou eie naam en roem op te bou deur jou bediening.

Geen lid van die kudde van die Here kan goedsmoeds alle preekkos wat opgedis word vir soetkoek opeet nie. Elke preek moet krities aangehoor en beoordeel word. Dit kan jy net doen met grondige en parate Bybelkennis. Die bediening moet aan die enigste maatstaf – die Woord van God – gemeet word. As die uitslag van die meting toon dat die bediening vals is, moet dit vermy word, ondanks die roem van die prediker of die finansiële ondersteuning wat daarmee gepaard gaan. Dui die uitslag daarop dat die bediening suiwer is, móét dit aangegryp word as prediking van die Here wie se woorde die lewe is en wat die ware Herder is wat Self sy lewe vir sy skape afgelê het.

Sing: Psalm.9:7,8 (1936-beryming) Ds J Malan (De Aar/Strydenburg)